[8] Meyerspark Bybelstudie – Stap saam deur die Psalms: Psalm 7

Psalm 7: ’n Gebed tot die hemelse Regter om beskerming.

1 Sjiggajōn van Dawid wat hy tot eer van die HERE gesing het weens die woorde van Kus, die Benjaminiet.	Opskrif
2 HERE, my God, by U skuil ek; verlos my van al my vervolgers en red my; 3 sodat hy nie soos ’n leeu my verskeur en wegruk sonder dat iemand red nie.	Gebed om redding
4 HERE, my God, as ek dit gedoen het, as daar onreg in my hande is, 5 as ek hóm kwaad aangedoen het wat in vrede met my geleef het (ja, ek het hom gered wat my sonder oorsaak vyandig was), 6 mag die vyand my dan vervolg en inhaal en my lewe teen die grond vertrap en my eer in die stof laat woon. Sela.	Onskuldsverklaring
7 Staan op, HERE, in u toorn, verhef U teen die grimmigheid van my teëstanders en ontwaak vir my, U wat die reg beveel het! 8 En laat die vergadering van die volke U omring; keer dan bo hulle terug in die hoogte! 9 Die HERE oordeel die volke. Doen aan my reg, HERE, na my geregtigheid en na my onskuld wat by my is. 10 Laat tog die boosheid van die goddelose mense ’n einde neem, maar bevestig U die regverdige, ja, U wat harte en niere toets, o regverdige God!	Gebed om hulp: Die Here as Beskermer en Regter
11 My skild (sien 3:4 en 5:13) is by God wat die opregtes van hart verlos. 12 God is ’n regverdige regter, en ’n God wat elke dag (of: die hele dag) toornig is. 13 As hy hom nie bekeer nie, maak Hy sy swaard skerp; Hy span sy boog en mik daarmee 14 en berei vir hom dodelike werktuie; Hy maak sy pyle brandende wapens. 15 Kyk, hy is in barensweë van onreg en is swanger van moeite (of: moeilikheid); hy baar leuens. 16 Hy het ’n kuil gegrawe en dit uitgehol; maar hy het geval in die vangkuil wat hy gemaak het. 17 Die onheil wat hy gestig het, keer op sy hoof terug, en sy geweld kom op sy skedel neer.	Vertroue in God as Regter en Stryder
18 Ek wil die HERE loof na sy geregtigheid en die Naam van die HERE, die Allerhoogste, psalmsing.	Belofte van lof

Psalm 7 se opskrif bind Ps 3-7 as ’n eenheid saam – hulle moet almal gelees word as gebede van Dawid tydens sy vlug voor Absalom (vgl. 3:1 en 7:1). Die Kussiet (’n swart man) wat die boodskap oor Absalom se dood vir Dawid gebring het (2 Sam 18:21), se herkoms word in die opskrif as eienaam gebruik. Die redakteurs gebruik egter steeds Dawid se gebede as voorbeeld vir gewone gelowiges, die “regverdiges”, teen diegene wat hulle uitbuit (die “goddeloses”). Wat doen ’n mens wanneer jy as gelowige deur slegte mense vervolg en verdruk word? Jy maak soos Dawid wat by die Here pleit om hulp, jou toevlug by die Here soek en op Hom vertrou as Beskermer, Regter en Stryder. Die slinkse aanvalle van die vyande word afgeweer wanneer hulle slagoffers van hulle eie skelmstreke word (7:15-17).

1. In watter opsig stem die psalmdigter se lewe ooreen met die aanbeveling van Ps 2:12? Kyk na 7:2. Dit word ook vir gelowiges aanbeveel in Ps 5:12 (en in 11:1, 16:1, ens. as lewenstyl bely).

2. Die psalmdigter, wat volgens die opskrif die Here se gesalfde is, beroep hom in vers 7 op die beloftes in Ps 2:5 en 12. Hoe so? Verder is daar ook ’n verwysing in Ps 7:8 na Ps 2:1, 8 en 10. Wat is dit?

3. Vers 4-6 is ’n onskuldsverklaring in die vorm van ’n eedswering. Die digter maak nie daarmee aanspraak op sondeloosheid nie, maar sê bloot dat hy geen kwade bedoeling teen sy vyande gehad het nie. Hoe formuleer hy sy onskuld in verse 7-10?

4. Psalm 6 was ’n “nagpsalm” (kyk na Ps 6:7). Hoekom word Psalm 7 ’n “dagpsalm” genoem? Watter ooreenkoms is daar verder tussen Ps 6:5 en Ps 7:8?

5. Psalm 7 toon ooreenkomste met Spreuke, byvoorbeeld Spreuke 1:31-32, 5:22 en 26:27. Watter waarskuwing bevat dit vir mense met kwade bedoelings?

6. Watter vers van Ps 7 sou jy beskou as die een wat die beste opsomming van die hele psalm gee? Watter boodskap het dit dus vir jou?